

Sondag 20 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:8

Reageer op die geskenk van verlossing met goeie werke

Ons hou daarvan om geskenkies te kry. Kindertjies se ogies blink sommer as hulle weet hulle gaan geskenke kry, tydens verjaardae of op spesiale dae. Dit is 'n verrassing om te sien wat mens gaan kry, en ander dink mos dan aan jou. Gewoonlik is dit iets wat ons graag wil hê en kan gebruik.

Ons ontvang ook 'n baie waardevolle geskenk van God. Dit is die grootste geskenk wat mens kan ontvang. Dit is ons verlossing wat ons Here Jesus Christus bring. Hy kom bevry ons van gevaarlike magte, soos die ewige dood, ons eie sondige self, die bose wêreld en Satan met al sy trawante. So kan ons ook van God se straf loskom. In Christus word ons só vrygemaak dat ons die ewige lewe kan ontvang.

Ons ontvang die geskenk van verlossing omdat ons glo. Die geloof is ook deel van die geskenk. Ons kan ons verlossing nie deur enige insette van ons kant in die hande kry nie. Ons kan nie 'n leeftyd daarvoor werk nie. Ons kan nie 'n goeie lewe daarvoor aanbied nie. Ons kan nie daarop aanspraak maak omdat ons gereeld kerk toe kom of elke dag bid nie. God gee dit net uit genade aan ons. Hy gee dit omdat Hy ons innig liefhet.

Danksy die Here se onverdiende geskenk is ons nou in staat om Hom te gehoorsaam. Gebruik God se geskenk. Reageer op hierdie allergrootste geskenk met groot waardering. Hy vra goeie werke. Geloofswerke. Dankbaarheidswerke. Wys so dat jy ook aan God se wonderlike gawe van bevryding deel het!

Sing: Skrifberyming 1-1:3 / Lied 241:1, 3

Ds. HG (Garrie) Schutte (Suidkus)